**Skriflesing:** Hand 1:6-15
**Tema:** Ons dra voorskote, nie borslappe nie.

'n Man kom sê vir 'n predikant: "Ek wil by die kerk aansluit, want ek wil graag geestelik gevoer word." Die predikant het met wysheid geantwoord: "Wel, dit is doodreg, maar ons almal, ook jy, sal beter af wees as jy jou borslap afhaal en eerder 'n voorskoot aantrek."

Die dissipels en ons beweeg van borslap na voorskoot deur die opstanding en hemelvaart van Jesus Christus en deur die uitstorting van die Heilige Gees.

Volgelinge van die Here word, volgens Lukas, 2 maal nogal skerp aangespraak deur engele. Die vroue kom by die leë graf, die klip is weggerol en hulle kry nie Jesus se liggaam nie. En dan lees ons in Lukas 24:4-6: "Hulle het nie geweet wat om daarvan te dink nie. Meteens staan daar by hulle twee manne met blink klere aan. 5Die vroue het groot geskrik en met hulle gesig na die grond toe gebuig. Toe sê die manne vir hulle: "Waarom soek julle die Lewende by die dooies? 6Hy is nie hier nie. Hy is uit die dood opgewek."

By sy hemelvaart lees ons in Handelinge 1:10-11: "10Terwyl Hy weggaan en hulle nog stip na die hemel kyk, het daar skielik twee mans in wit klere by hulle gestaan. 11Dié sê toe vir hulle: "Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het."

Moenie kyk en wonder nie, Hy kom weer terug. Tot dan moet ons nie passief rondstaan nie. Kom ons haal ons borslappe af, sit voorskote aan en kom in beweging.

Ons sien hoe die opstanding en hemelvaart van die Here sy dissipels se lewens radikaal verander het.

Petrus wat Jesus verloën het, neem sterk leiding

Hulle het hulself toegesluit omdat hul bewend bang was vir Jode toe Jesus die eerste keer na sy opstanding aan hulle verskyn. (Joh 20:19). Nou is hierdie vrees weg.

Van hulle kon nie in Getsemané vir uur wakker bly om saam met Jesus te bid nie.
(Mark 14:37) Nou bid hulle vir 10 dae totdat die Heilige Gees uitgestort word. Ons vind ten minste 7 voorbeelde van gelowiges wat bid in die boek Handelinge. (2:42; 4:24; 12:5 en 12; 13:3; 14:23; 20:36 en 21:5)
Hulle het nou net gestry oor wie die belangrikste is (Mark 9:33-34; Luk 22:24), nou is hulle eensgesind saam.

Jesus se broers, Jakobus, Joses, Judas en Simon, sluit by die kerngroep aan – dit is asof sy Hemelvaart hulle finaal oortuig het dat Hy regtig die Seun van God is.

Die klomp dissipels dra nog borslappe as hulle wil weet wanneer die Here die heidense klomp Romeine gaan kom verslaan sodat hulle darem weer bietjie in beheer kan wees, soos in die goeie ou dae.

God bepaal wanneer die goed gaan gebeur. Hy bring in elk geval nie ‘n aardse koninryk nie, maar sy hemelse koninkryk aarde toe. Na die uitstort van die Heilige Gees is daar by sy kinders geen misverstand meer hieroor nie.

Maar die Here belowe aan hulle en ons nog groter krag. Sy laaste woorde op aarde lees ons in Handelinge 1:8: “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”

Op 26 Des 2004 tref ‘n Tsunami die weskus van Sumatra en ongeveer 250 000 mense sterf. Elke keer as ons die natuur se verwoestende krag sien, staan ons verstom. Maar die krag van die Heilige Gees is magtiger as enige krag, dit verander my en jou lewe, ons wêreld en die geskiedenis.

Ons sien in Handelinge hoe hierdie krag lewens lewens verander:
Nadat Petrus, wat 7 weke gelede 3 maal gejok en gesê dat hy Jesus nie ken nie, die Heilige Gees ontvang het, getuig hy kragtig. Die Here gebruik sy getuienis om 3000 mense tot bekering te bring.

In Handelinge 4:18-20 getuig Petrus en Johannes, vol van die Heilige Gees, voor die Joodse Raad: “Daarna het die Raad die apostels weer laat inkom en hulle beveel om glad nie verder in die Naam van Jesus iets te verkondig of te leer nie. Maar Petrus en Johannes het vir hulle gesê: “Julle moet maar self besluit wat voor God reg is: om aan júlle gehoorsaam te wees of aan God. Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie.”

Dit is waarvoor die Heilige Gees Sy krag en wysheid in ons gee: Sodat mense by ons van Jesus kan hoor en deur ons lewens iets van Jesus kan sien.

Maar die Heilge Gees stuur ons ook uit.
Die dissipels moet teruggaan, Jerusalem toe en vir die mense sê: "Hierdie Jesus wat julle gekruisig het, hierdie probleem wat julle gedink het julle uit die weg geruim het - Hy leef! Ons het Hom gesien!"
In jou hart weet jy al wat die slim mense van Jerusalem sal sê: "Komaan! 'n Timmerman uit Galilea, 'n lastige, kastige messias wat ons deur die Romeine laat kruisig het en julle sê Hy sit aan God se regterhand en kom weer? Julle moet julle koppe laat lees!"
En daar staan jy. Jy kan maar net vertel wat jy gesien het en waartoe die Heilige Gees jou lei. Maar jy kan ook niemand dwing om jou te glo nie. As hulle jou mal noem en jou opsluit, as hulle besluit jy is 'n gevaar vir die samelewing en hulle wil jou doodmaak, kan jy niks daaraan doen nie. Jy kan en wil nie anders nie – jy moet vertel. Want die Heilige Gees maak ons sy getuies

Jerusalem, is al erg genoeg. Samaria is glad nie pret nie. Dit is nie die plek waar 'n ordentlike Jood tuisvoel nie. Maar die uithoeke van die wêreld? Hoe op aarde moet hulle daar kom?
En aan watter soort mense moet hulle daar die verhaal van Jesus vertel?

Hoe moeilik die uitstuur vir hulle sou wees, lees ons verder in die boek Handelinge. Hoe hulle teensinnig, oor die grens van hulle Joodse meerderwaardigheid, by die heidene uitgekom het. Hoe langtand hulle moes leer om heidene as broers en susters te aanvaar. Getuie wees is nie die soort sending waarin jy kan kies na wie en hoe jy dit wil doen nie. Jy kan nie met die goeie nuus van Jesus Christus net knus in jou eie groepie, waar dit vir jou gemaklik en lekker is, bly sit nie.
Jesus wil sy storie wyd en ver, ook op plekke waar ons nie wil wees nie, laat loop. En ek en jy moet loop en ek en jy moet die vertelwerk doen!

Kinders van die Here, gevul met die Heilige Gees het dit gedoen, in Jerusalem, Samaria en tot aan die uiteindes van die aarde, al het dit spot, tronkstraf, marteling en selfs die dood beteken.

Nêrens was dit maklik nie, maar hulle het aangehou. En die Here het hulle getuienis laat vrug dra. Ons is vandag kerk as gevolg van hulle getuienis.
Ook ons ontvang krag van die Heilige Gees in ons en dit maak dat ons oral op verskeie maniere die Here se getuies is – getuies wat voorskote en nie borslappe dra nie.
Amen